

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20230313-2424

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Aanlyn bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak te voorsien.
2. Om toe te sien dat elke leerder in elke skool handboeke vir elke vak in 2024 het, word prinsipale versoek om:
 - 2.1 hul verwagte graad-vir-graad-leerderinskrywings vir 2024 te bepaal;
 - 2.2 die verwagte getal ekstra leerders aan die begin van 2024 te beraam, gegrond op tendense van die afgelope paar jaar;
 - 2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in pakkamers is, in ag geneem word; en
 - 2.4 die jaareind-retensiekoers van handboeke vir die afgelope paar jaar in ag te neem.
3. Die inligting in punt 2 moet gebruik word wanneer bestellings vir aanvullende handboeke vir 2024 geplaas word.
4. Skole sal in 2023 slegs een geleentheid, tussen 15 en 26 Mei, kry om al hul aanvullende handboeke met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) verskaf word, te bestel. Dit beteken dat skole tyd moet maak om noukeurig te beplan wat hul behoefte aan aanvullende handboeke vir 2024 sal wees, met inagneming van al die faktore wat in punt 2 gemeld word.
5. Skole se norme-en-standaarde-toewysings vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal sal gebruik word om vir aanvullende handboeke en handboeke weens groter leerdertalle in Januarie 2024 te betaal.

6. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings vóór die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul bestelling van aanvullende handboeke vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 15 Mei 2023 oopmaak, vas te lê.
7. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die kieslys en kies dan "CAPS textbook top-up" op die aftreklys. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om vóór die vaslegging van bestellings van aanvullende handboeke, vertrouwd te raak met die inhoud van die "How to guide".
8. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel met wie daar in aanraking gekom moet word indien enige probleme met die vaslegging van die bestellings van aanvullende handboeke ondervind word.
9. Sodra die aanlyn bestelling deur die prinsipaal geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n drukstuk van die geverifieerde bestelling maak, kontroleer dat dit korrek is en 'n rekord daarvan hou.
10. Indien 'n titel nie via die aanlyn bestelstelsel beskikbaar is nie, moet skole die aangehegte dokument vir bestellings (Bylae 1) gebruik om hul vereiste KABV-goedgekeurde handboeke te bestel. Die voltooide bestelvorm moet voor of op 26 Mei 2023 elektronies ingedien word vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345), of stuur 'n e-pos aan Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za.
11. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole soms die aflewering van bestellings wat verkeerdlik deur hulle geplaas is, weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers inhou. Verskaffers of hul afleweringagentsente sal onder geen verpligting wees om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat skole finansiëel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word. Skole het dus geen ander keuse nie as om die aflewering wat met die amptelike bestelling ooreenstem, te aanvaar.
12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2023-04-17